Om met NUWE ORE na mekaar te luister



DEON BRUWER
Dr Deon Bruwer is hospitaalleraar by Durbanville Privaathospitaal

Die kerk as liggaam van Christus is die ruimte waarbinne gelowiges na mekaar moet omsien. Dit is lank nie meer net die dominee wat die verantwoordelikheid kan dra om al die lidmate te versorg nie. Lidmate, ouderlinge en diakens wil dikwels graag hierdie pastorale opdrag uitvoer, maar onsekerheid ontneem hulle soms die vrymoedigheid om na ander uit te reik. Teen hierdie agtergrond het Buvton 'n kursus in luistervaardighede ontwikkel wat lidmate wil help om met respek na mekaar te luister en met mekaar te praat en só gespreksgenote vir mekaar te wees.

Die kursus is gebou op beginsels wat by Narratiewe Terapie geleen is. Dit gee aandag aan basiese kommunikasievaardighede en leer mense om te luister eerder as om te praat. Die kursus leer dat niemand 'n kundige oor 'n ander persoon se verhaal of lewens is of kan wees nie. In die kursus word aandag gegee aan die manier waarop mense hulle lewensverhale skryf en hoe hulle dit ook kan herskryf. Daar word gekyk hoe elke mens se eie lewensverloop en geloof die temas van elkeen se lewensverhaal bepaal. Dit ondersoek maniere hoe om met probleme om te gaan sonder dat die antwoord vooraf geken moet word. In die kursus word gewonder oor die Bybelse betekenisse van nederigheid, diens en genade en hoe dit die interaksie tussen mense bepaal. In die kursus soek mense saam na antwoorde op moeilike lewensvrae. Vrae wat ondersoek word, is hoe geloofsoortuigings ons lewensverhale beïnvloed en hoe mense oor God en lyding dink. Daar word veral saam gewonder oor hoe die kruis en die opstanding mense kan help om sin en betekenis aan die lewe te gee wanneer hulle verhale moeiliker word.

Die kursus maak nie van lidmate kwasi-sielkundiges nie, maar bied die geleentheid om vaardighede aan te leer om na mense te luister. Die kursus bestaan nie uit lesings nie, maar elkeen werk met sy of haar eie verhaal sodat die beginsels deur ervaring deurleef kan word. Die kursus poog om die deurleefde kennis wat mense het te ontgin sodat daar nuwe uitkomste in moeilike tye kan wees In die kursus word ontdek dat mense se lewens slegs betekenis kry binne verhale.

DIE KURSUS BESTAAN UIT VIER MODULES EN IS SOOS VOLG SAAMGESTEL:

MODULE 1 *Mense en hulle verhale.*

1. Om mense te help om hul verhale op 'n dieper vlak te vertel.
2. Om die teorie van gesprekvoering/ kommunikasie te verstaan.
3. Om respek vir ander se stories te ontwikkel.
4. Om vaardighede aan te leer om mense te help om hulle stories te vertel.
5. Om luistervaardighede te ontwikkel.

MODULE 2 *Die herskryf van verhale.*

1. Om te ontdek dat die "lewe slegs binne verhale sin maak."
2. Om eie verhale te vertel en te herskryf sodat ek dit nuut kan verstaan.
3. Om te verstaan en te help dat mense hulle verhale kan eksternaliseer.

MODULE 3 *Nagedink oor God in ons lewensverhale.*

1. Om na te dink oor God in Lyding.
2. Om 'n openheid vir verskillende godsbeelde te ontwikkel.
3. Om na te dink oor my eie godsbeelde.
4. Om blokkasies in mense se verhouding met God te verstaan.
5. Om nuut ontdekte godsbeelde deel te maak van my verhaal.
6. Om beraders te help om saam met mense te soek na God in hulle lyding.

MODULE 4 *Verhale binne verskillende omstandighede.*

Module 4 is nog in die fase van ontwikkeling en sal later beskikbaar wees. Die gedagte is dat in dié module aandag gegee sal word aan spesifieke temas of probleme binne mense se verhale. Daar sal moontlik aandag gegee word aan onderwerpe soos depressie, MIV/Vigs, fisiese siektes, hantering van verlies, bejaardheid en so meer.

Die kursus word deur Buvton oor 'n naweek aangebied. *Dit is egter baie belangrik dat dominees wat hulle lidmate aanmoedig om hierdie kursus te deurloop self ook met narratiewe beginsels vertroud sal wees.* Die rede hiervoor is dat lidmate wat na ander se verhale wil luister geleentheid sal hê om leiding te ontvang en probleme te bespreek binne die paradigma waarbinne hierdie kursus werk.

Die kursus is so ontwerp dat predikante wat die kursus deurloop het of 'n ander kursus in narratiewe terapie deurloop het, weer die kursus in hulle gemeentes kan aanbied. Dit sal egter slegs vir mense wat baie goed vertroud is met die teoretiese beginsels van narratiewe terapie moontlik wees om die kursus aan te bied. Die kursus kan in kleiner eenhede verdeel word sodat dit oor 'n langer tydperk aangebied kan word.

Mense wat reeds die kursus deurloop het, getuig dat dit hulle 'n nuwe perspektief op hulle eie lewe gegee het. Hulle sê ook dat dit hulle help om met rustigheid langs ander te loop in die wete dat hulle slegs Christus verteenwoordig en Hy die een is wat mense help met die herskryf of verder skryf van hulle verhale.